

7 September - PROFEET

Skrif- en Fokusgedeelte: Deuteronomium 18:15-22

'N PROFEET is iemand wat namens die HERE optree. Die HERE stuur hom om aan mense sy wil of sy woorde bekend te maak. Eintlik kom by die eerste bedoeling dat die profeet iemand is wat as 'n tussenganger of middelaar tussen die HERE en 'n mens optree. Daardie middelaar is nodig omdat die mens nie self in God se teenwoordigheid kan kom en bly leef nie. Daarom 'n middelaar, 'n profeet, om aan jou te sê wat die HERE wil hê jy moet weet.

Só was Moses God se gestuurde, omdat die volk vir die HERE bang was juis omdat oortreders nie voor Hom kan bestaan nie. Só was Moses die middelaar van die Ou Testament. Hy het vir die volk kom sê hoe hulle die lewenspad moet loop. Hy het vir die volk by die HERE ingetree om hulle oortredinge te vergewe.

Só 'n Profeet soos wat Moses is, sal die HERE verwek. Hy sal net sê wat die HERE as sy Vader aan Hom sal sê. Hy sal die mees getroue Bekendmaker van sy Vader en sy wil wees. Net Hy is die enigste Seun van God.

Niemand is getrouer in wat hy leer of sê as God se Seun, Jesus Christus nie. Hy is in die volste sin van die Woord die Waarheid van God. Jesus is in sy Vader en sy Vader in Hom. Daarmee is Hy die hoogste Openbaarmaker van die Vader.

Saam met sy Seun, Jesus Christus, gee God nog meer van Homself aan jou as gelowige. Jesus Christus sê vir jou die waarheid oor en van God, en die Heilige Gees sorg dat jy dit glo. Hy het nie afdraaipaaie van die Waarheid af weg nie, maar Hy laat jou in Jesus Christus glo. Jesus is immers die Weg, die Waarheid en die Lewe, en omdat die Heilige Gees jou met jou menswees aan Hom bind, is daar geen groter vreugde as om by Hom te wees nie.

Sing: Psalm 92:2 en 3 (1936-beryming)

Ds SD de Kock (Potchefstroom-Suid)